**OPDRAGWERKWOORDE EN DIE BETEKENIS DAARVAN**
Die volgende word die meeste in LO gebruik.

| Opdragwerkwoord | Verduideliking |
|---|---|
| **Identifiseer/ Noem/ Lys** | Om te kies uit 'n gegewe lys/situasie. Noem die noodsaaklike kenmerk(e). |
| **Verduidelik** | Gee 'n duidelike beskrywing van 'n idee; interpreteer die inhoud en verskaf meer inligting. |
| **Bespreek** | Skryf/Praat asof jy jou kennis met iemand deel.<br>Gebruik besonderhede en voorbeelde om die onderwerp te verduidelik. |
| **Onderskei (tussen begrippe)** | Om die verskil tussen twee konsepte duidelik te stel.<br>Voorbeeld*: Onderskei tussen die volgende twee begrippe: diskriminasie en xenofobie* |
| **Analiseer** | Ondersoek en verdeel inligting in dele - identifisering, oorsake. Maak gevolgtrekkings en vind bewyse of voorbeelde om jou stellings en gevolgtrekkings te ondersteun. |
| **Evalueer / Assesseer** | Bied 'n noukeurige evaluering van die probleem/situasie wat beide voordele en beperkings beklemtoon. Toon ook beoordeling (is dit reg of verkeerd?) oor die inligting.<br>En verskaf voorbeelde vir jou idees<br>Gee jou eie mening en verdedig dit. |
| **Aanbeveel/Stel voor/ Adviseer** | Dit is geskikte idee of plan wat jy voorstel in 'n gegewe konteks |

**LET WEL: Bronne**



- **Ou-vraestelle**: https://bit.ly/2ltcYEm
- Gebruik ook **WENKE VIR SUKSES**

*Moet nooit jou studie beskou as 'n moeisame taak nie, maar eerder as 'n gulde geleentheid om te leer☺*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VOORBEELDE VAN VRAAGANALISE**

Hoe om spesifieke aksiewoorde/ opdragwerkwoorde te beantwoord:

**ONDERSTREEP DIE KERN INSTRUKSIE EN RELEVANTE KERNWOORDE IN DIE VRAAG, bv.**

**AFDELING A**

- **Meervoudige vrae (Veelkeuse)**

'n Persoon pleeg bedrog wanneer hy/sy ...

A. werksgeleenthede vir familie en vriende gee.

B. geld of gunste deur dwang of dreigemente bekom.

C. spesiale gunste aan mense gee wat dit nie verdien nie.

D. oneerlik is oor sy/haar kwalifikasies

- **Gee EEN WOORD/TERM vir elk van die volgende beskrywings….**

  **'n Tipe stressor wat ontstaan as gevolg van afbrekende verhoudings met ander.**

  - Sosiale stressor (verhoudings)
  - Emosionele (impak – afbrekende…)

- **Waarom is tydsbestuur 'n belangrike aspek wat by 'n studieplan ingesluit moet word?** **(1x2)**

  Dit kan jou help om tydverkwisting op sosiale media/met TV kyk/speletjies, ens. te vermy (✓) sodat jou tyd meer effektief vir studie gebruik (✓)

  ***[Let Op: puntetoekenning]***

**AFDELING B EN C**

- **Definieer die term hoë bloeddruk/ hipertensie en verduidelik EEN leefstylkeuse wat daartoe kan lei.** **(1+2)**

  Dit is 'n siekte waar die bloeddruk in jou bloedvatstelsel konstant hoog is. (✓) As jy bv. verkies om in 'n verhouding te bly waar jy mishandel word, (✓)kan dit uiterste emosionele spanning veroorsaak wat tot hoë bloeddruk/hipertensie lei. (✓)

- **Evalueer hoe fisiese deelname in sport 'n positiewe impak kan maak op die emosionele welstand van 'n gerehabiliteerde dwelmverslaafde. (2x2) (✓✓)(✓✓)**

  *[LW: Twee antwoorde word benodig; Elke antwoord moet verduidelik word]*

  →**Eerste antwoord**: Dit verbeter die gevoel van selfwaarde (✓) en daarom sal die selfrespek van die dwelmverslaafde verbeter. (✓)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- **Bespreek/Beveel TWEE maniere (aan) waarop 'n persoonlike leefstylplan jou kan help, en motiveer verder hoe so 'n plan jou sal help om by te dra tot 'n veiliger gemeenskap.** **(2x3)** ✓✓✓+✓✓✓

*[**LW** twee antwoorde word vereis]*

**Eerste antwoord:**
Dit kan my inspireer om 'n verantwoordelike/ wetsgehoorsame burger te bly/word (✓)deur nie aan onwettige aktiwiteite deel te neem nie.(✓) en op die manier sal ek nie die veiligheid en gesondheid van ander bedreig nie. (✓)

**LET WEL**: Die diepte van antwoorde

Baie antwoorde in Afdeling B en C sal die onderstaande diepte van dinkwerk vereis.

- DEFINISIES
- OORSAKE/GEVOLGE
- EFFEK/IMPAK/REDES
- DOELWITTE/FAKTORE
- FUNKSIES/AKSIES/PRAKTIESE STRATEGIEË
- OPLOSSINGS/ADVIES/INTERVENSIES
- BELANGRIKHEID VAN…
- VERSKIL TUSSEN / ONDERSKEI

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com






Onthou, doen dit vir jouself !

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Liewe Graad 12 leerder

Die volgende lys sal jou ‘n oorsig gee van die Graad 12 inhoud, wat gedek moet word vir 2019.  Dit sal jou help om:

- Jou vordering te meet
- Jou nasienprogram op te stel en te monitor
- Jou voor te berei vir die **Finale Eksamen**






eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**KONSEPTE-KONTROLELYS OM LEERDERS TE ONDERSTEUN**

| **Kwartaal 1** | ***Ek het voltooi* (✓/X)** | ***Ek het hersien* (✓/X)** |
|---|---|---|
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | | |
| • Vereiste lewensvaardighede om by verandering aan te pas as deel van deurlopende gesonde leefwysekeuses:<br>stresfaktore, veranderinge en lewenskwaliteit<br>- Identifiseer stresfaktore: fisiese-, emosionele-, sosiale- en omgewingsfaktore (misbruik, roeping, lewenskrisisse en sosiale druk)<br>- Assesseer stresvlakke: tekens en simptome van stres, positiewe stres en negatiewe stres<br>- Hantering van stres: hanteringsmeganismes en/of bestuurstegnieke, ontwikkeling en toepassing van eie strategie<br>- Konflikhanteringsvaardighede: interpersoonlik en intrapersoonlik<br>- Aanvoering, opbou en volhoubaarheid van positiewe verhoudinge: belangrikheid van kommunikasie (begrip vir ander, kommunikasie van gevoelens, religie en houdings)<br>- Faktore wat effektiewe kommunikasie beïnvloed: persoonlikheid, houdings en waardes, aanvaarding van verantwoordelikhede, gepaste gee van sienings en uitdruk van gevoelens, respek vir ander se gevoelens<br>- Aanpassing by groei en verandering: verandering in omstandighede<br>- Oorgang tussen skool en post-skool bestemming, positiewe en negatiewe aspekte van verandering, ondersoek ander sienings, insigte rakende die lewensiklus en verwante tradisionele praktyke<br>• Persoonlike leefwyseplan om kwaliteitlewe te verseker | | |
| **Studievaardighede** | | |
| • Skenk oorweging aan die assesseringsproses en eksamenskryfvaardighede en die toepassing van hierdie vaardighede:<br>hersien eie studievaardighede, -strategieë en -style<br>- Hersien eksamenskryfvaardighede (lees die vraag, beplan die antwoord, beantwoord die vrae, ensovoorts)<br>• Belangrikheid van skoolgebaseerde assessering<br>• Belangrikheid van die verkryging van die Nasionale Senior Sertifikaat: ontwikkeling van 'n studieplan vir graad 12 | | |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | | |
| • Verbintenis tot 'n besluit: betrekking of kursusaansoek vir addisionele- of hoëronderwys, vaardighede vir finale aksie (beskikbaarheid van fondse, voltooiing van vorms, verblyf- en reisreëlings), vind van geskikte werks- of studiegeleenthede uit verskeie bronne en bepaal die vereistes vir aanvaarding en moontlike uitdagings<br>- Strategieë om doelwitte te bereik<br>• Redes vir en die impak van werkloosheid<br>• Innoverende oplossings om werkloosheid teen te werk: vrywillige werk, deeltydse werk, samelewingswerk, selfondernemings en informele werk<br>- Finansiële en sosiale lewensvatbaarheid van selfondernemings en ander betrekkingsopsies insluitend die bewustheid van belastingpligtigheid<br>- Die impak van korrupsie en bedrog op die individu, maatskappy, samelewing en land | | |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| **Kwartaal 2** | ***Ek het voltooi*** (✓ / X ) | ***Ek het hersien*** ( ✓ / X ) |
|---|---|---|
| **Demokrasie en menseregte** | | |
| • Verantwoordelike burgerskap:<br>- Evalueer eie posisie by die hantering van diskriminasie en menseregteskendings deur die Menseregteverklaring in aanmerking te neem: deelname aan besprekings, projekte, veldtogte en gebeure wat diskriminasie en menseregteskendings aanspreek<br>- Evaluasie aangaande die uitkomste van die veldtogte en gebeure<br>• Die rol van die media in 'n demokratiese samelewing: elektroniese en gedrukte media<br>- Vryheid van uitdrukkings en beperkinge<br>- Die mate wat mediaverslaggewing 'n demokratiese samelewing weerspieël: onderwerpe wat gedek word, die redakteur se posisie, ruimte wat aan die onderwerpe toegestaan word en die geografiese verspreiding (bereikbaarheid van die inligting ten opsigte van verskillende groepe in die samelewing)<br>- Kritiese analisering van media en veldtogte<br>- Sportdekking, sportpersoonlikhede en rekreasie-aktiwiteite<br>• Ideologieë, religie en wêrelduitgangspunte ten opsigte van rekreasie en fisiese aktiwiteit oor kulture en geslagte heen | | |
| **Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid** | | |
| • Samelewingsverantwoordelikheid om omgewings en dienste te voorsien wat veilige en gesonde leefwyse bevorder:<br>- Verantwoordelikhede van verskeie regeringsvlakke: wette, regulasies, reëls en samelewingdienste<br>- Opvoedings- en ingrypingsprogramme; impakstudies<br>• Formulering van 'n persoonlike missieverklaring vir die lewe wat gebaseer is op:<br>- Persoonlike sienings, waardes, religiesisteem, religie, ideologieë, leefwyse (fisiese- en emosionele welsyn), omgewingsverantwoordelikhede, doelwitte vir studie en loopbaankeuses<br>• Die impak van die visie op:<br>- Lewensaksies/-gedrag<br>- Onmiddelike samelewing en samelewing as 'n geheel | | |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| Kwartaal 3 | *Ek het voltooi* (✓/X) | *Ek het hersien* (✓/X) |
|---|---|---|
| **Selfontwikkeling in die samelewing** | | |
| • Menslike faktore wat gesondheidsrisiko's inhou, ongelukke, krisisse en rampe: sielkundige-, sosiale-, religieuse-, kulturele praktyke en verskillende kennisperspektiewe<br>- Leefwyse-siektes as gevolg van armoede en geslagsongelykheid: kanker, hoë bloeddruk, hartkwale en bloedsomloopsiektes, tuberkulose, seksueel oordraagbare siektes insluitend MIV en VIGS<br>- Bydraende faktore: eetgewoontes, tekort aan oefening, rook, dwelmmisbruik en gevaarlike seksuele gedrag<br>- Ingrypingstrategieë: voorkoming en beheer, vroeë ontdekking, behandeling, sorg en ondersteuning<br>• Verbintenis om aan langtermyn fisiese aktiwiteite deel te neem: ontwikkeling van 'n aksieplan<br>- Langtermyn effekte van deelname: fisies, geestelik, sosiaal en emosioneel<br>- Waarde-toegevoegde voordele en leefwyse-siektes | | |
| **Loopbane en loopbaankeuses** | | |
| • Kernelemente van 'n werkskontrak: werkerregte en verpligtinge; diensvoorwaardes<br>- Arbeidswette: Die Wet op Arbeidsverhoudinge, die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes<br>- Beginsels van gelykheid en regstelling<br>- Werwingsproses: algemene tendense en praktyke<br>- Vakbonde en georganiseerde arbeid<br>- Werketiek en samelewingsverwatinge<br>• Die waarde van werk: hoe werk lewensbetekenis gee | | |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

WOORDELYS

**ONDERWERP EEN: SELFONTWIKKELING IN DIE SAMELEWING**

**selfgeldend** – (1) weet wat jy wil hê en hoekom, en om die nodige stappe te kan doen om dit binne 'n spesifieke konteks te bereik; ook eie regte positief afdwing. Dit verwys na die vermoë om (1) jou gevoelens, behoeftes of begeertes openlik en direk uit te druk, maar op respekvolle wyse;
(2) staan op vir jou oortuigings sonder om ander in die proses af te druk;
(3) weet wat jy wil hê en in staat wees om die nodige stappe te doen om dit binne 'n spesifieke konteks te bereik.

**konflik oplossing** - die vermoë om 'n vyandige situasie van wrywing tussen mense kalm en rustig te hanteer. Onenigheid kan normaal en gesond wees, maar wanneer dit in geweld ontwikkel, word dit 'n probleem wat meer versigtige en berekende hantering benodig. Konflikoplossing poog om wedersydse respek en oorweging te gebruik om vernietigende konfrontasie te verminder of uit te skakel.

**hantering van emosies** – hantering van emosoes verwys na die vermoë om ‘n probleem effektief te bestuur of te kan hanteer. Emosies is verstandelike of instinktiewe gevoelens in reaksie op interne of eksterne stimuli. Emosies kan as positief of negatief beskou word. Ongeag van hul aard, kan dit vernietigend wees as dit swak gehanteer of opbouend is indien dit behoorlik bestuur word.

**hantering van stres** - die effektiewe bestuur van 'n situasie wat swaar weeg op 'n persoon se verstandelike vermoëns as gevolg van verhoogde fisiese of emosionele druk. Stres verwys na 'n toestand van verhoogde aktiwiteit in die liggaam wat die individu oorweldig as wat sy verstandelike vermoë kan hanteer.

**effektiewe kommunikasie** - die vermoë om in enige gegewe omstandighede duidelik en gepas te wees tydens interaksies met ander mense. Verbale of nie-verbale kommunikasie is die essensie van menslike verhoudings.

**emosionele geletterdheid** - die vermoë om ons eie gevoelens en dié van ander te erken, om onsself te motiveer en om emosies in onsself en in ons verhoudings goed te bestuur. Dit is die vermoë om jouself en ander lief te hê terwyl jy eerlikheid ontwikkel en die vermoë om verantwoordelikheid te neem vir eie optrede.

**lewensstylsiekte** - dit word gewoonlik geassosieer met swak dieet, rook, dwelmmisbruik en gebrek aan oefening of dit word veroorsaak deur ongesonde gewoontes en / of gedrag / ongesonde lewe.

**positiewe stres** - is die stres wat jou motiveer, jou aanmoedig en laat jy jouself druk.

**negatiewe stres** - is die stres wat jou laat voel jy is nie in staat om die druk van die stressors wat verhoudings beïnvloed, te hanteer nie.

**Seksteks/’sexting’** - die uitruil van selfgegenereerde seksueel eksplisiete beelde, deur 'n mobiele prentjie of webkamera oor die internet.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## ONDERWERP TWO: DEMOKRASIE EN MENSEREGTE

**regstellende aksie** - gee werkgeleenthede aan voorheen benadeelde / aangewese groepe (swart mense, vroue en gestremdes) om die wanbalanse van die verlede of maatreëls reg te stel om te verseker dat toepaslik gekwalifiseerde werknemers van voorheen benadeelde / aangewese groepe (swart mense, vroue en gestremdes) het gelyke indiensnemingsgeleenthede en is billik verteenwoordig in alle beroepskategorieë en vlakke van die werksmag.

**diskriminasie -** is die onregverdige / ongelyke behandeling van ander omdat hulle van 'n ander ras / etnisiteit / geslag / seksuele oriëntasie / godsdiens / of ander geloof is.

**elektroniese media -** is virtuele media waar video's en aanlynartikels gekyk word **OF** dit is enige media wat aangedryf word deur elektrisiteit of batterye, soos die internet en e-posse, webwerwe, blogs, Facebook, Twitter, radio, TV, films en DVD's.

**gedrukte media** - is media wat deur middel van gedrukte hulpbronne besigtig word, soos koerante, tydskrifte, pamflette, brosjures, plakkate en reklameborde.

**ideologie** - die leerstellings, menings of denkwyses van 'n persoon, groep of nasie; ‘n samehorigheid en stelsel van idees gebaseer op superioriteit / minderwaardigheid of 'n stel oortuigings en waardes wat mense se wêreldbeskouings sterk beinvloed.

**ondersoekende joernalistiek** – die term word gebruik om joernaliste te beskryf wat poog om inligting te vind wat gewoonlik vir die publiek weggesteek word.

**stereotipering** - 'n oortuigde idee of indruk wat mense van 'n spesifieke groep mense het. Dit gebeur wanneer sekere eienskappe van sekere individue binne die groep veralgemeen en op die hele groep van toepassing gemaak word sonder om voorsiening te maak vir verskille en individualiteit binne daardie groep.

**deursigtigheid-** openheid en regverdigheid in alles, niks word weggesteek nie

**wêreldbeskouing** – verwys na die diepe kulturele invloed van godsdiens, oortuigings en waardes

**xenofobie** - spesifieke vorm van diskriminasie / vooroordeel / haat / afkeer teen / van vreemdelinge / buitelanders **OF** haat of vrees vir vreemdelinge of buitelanders

## ONDERWERP DRIE: SOSIALE EN OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID

**impakstudie** - die navorsing wat uitgevoer is om die sukses van 'n intervensie program te bepaal

**intervensiestrategie** is 'n kombinasie van elemente of strategieë wat ontwerp is om veranderinge te laat plaasvind of om die omstandighede van individue of 'n hele bevolking te verbeter. Dit sluit in dienste wat deur die regering verskaf word om ekonomiese ongelykhede te verminder en maatskaplike welsyn te bevorder. 'n Strategie om 'n sosiale risiko of uitdaging te herstel of te voorkom.

**missieverklaring-** ‘n kort en duidelike stelling oor wie jy is en wat jy in die lewe wil bereik (jou waardes en doelstellings)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ONDERWERP VIER: LOOPBANE EN LOOPBAANKEUSES**

**werkloosheid –** wanneer mense aktief besig is om werk te soek en nie werk kan vind nie

**entrepreneurskap-** die vermoë en gewilligheid om 'n besigheid te ontwikkel, te organiseer en te bestuur met gepaardgaande risiko's in 'n poging om wins te maak. Om 'n nuwe besigheid te begin is 'n algemene voorbeeld van 'n entrepreneurskap.

**bedrog-'**n misdaad waar oneerlike metodes gebruik word om iets waardevol van iemand te bekom; dit kom voor wanneer 'n persoon iemand anders wil verneuk deur voor te gee wat hy/sy nie is nie; 'n weergawe wat as die outentieke voorgestel word, terwyl dit nie is nie om mense te verneuk.

**aanlyn-werwing -** wanneer maatskappye / organisasies internet tegnologie / webgebaseerde instrumente aanwend om poste op die web te adverteer om aanlyn werksoekers te teiken.

**informele werk** - daardie werk wat nie by die Departement van Arbeid / Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geregistreer is nie of die werk wat buite die formele ekonomie gedoen word of die werk wat binne die informele sektor van die ekonomie gedoen word.

**oppergesag van die gereg** – is die hoeksteen van die Grondwet en weerspieël ons land se verbintenis tot 'n ordelike en burgerlike samelewing waarin alle inwoners gebonde is aan die reëls, beginsels en waardes van ons Grondwet as die hoogste vorm van die wet en gesag of waarvan die wet in ons samelewing die hoogste is. Niemand (politikus, regering, regter, unie, burger) is bo die wet of die oppergesag van die gereg verhewe nie en dit vereis dat geregtelike besluite geneem word deur 'n hof wat afhanklik is van enige invloed of druk deur die uitvoerende en wetgewende takke van die regering.

**deursigtig (konteks van korrupsie en bedrog)** - daar moet openheid en regverdigheid wees ten opsigte van finansies en aanstellings sodat daar geen oneerlikheid is nie en alle sake regverdig en openlik gedoen word

**vrywilliger werk –** 'n vrywilliger is 'n persoon wat sy tyd en arbeid vir 'n saak of organisasie aanwend sonder betaling. Dit verwys na enige aktiwiteit waar tyd bestee word wat tot voordeel van die omgewing of iemand is sonder enige betaling. '*n Persoon wat vrywillig in 'n sopkombuis werk is 'n voorbeeld van 'n vrywilliger.*

**werksetiek -** 'n stel beginsels en norme wat 'n werknemer se gedrag bepaal

**fluitjieblaser** / **informant** - 'n persoon wat onwettige aktiwiteite in enige sektor van die samelewing rapporteer.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## ONDERWERP VYF: STUDIEVAARDIGHEDE

**kreatiewe denke** - die vermoë om te dink aan moontlikhede en dit te ondersoek hoe om 'n taak te doen of op meer as een manier 'n probleem te hanteer. Dit kan behels dat jy vorendag kom met 'n nuwe idee, of ‘n meer uitdagende manier vind om 'n taak te doen of 'n probleem te benader / kreatiewe denke is om nuwe idees te genereer om 'n probleem op te los.

**kritiese denke** - die vermoë om situasies voldoende te deurdink , die voor- en nadele op te weeg om sodoende gepaste besluite oor jou eie of ander se omstandighede te maak. Dit behels die beoordeling van die oorsake van 'n probleem.

**kritiseer / kritiek / evalueer / analiseer krities (as 'n eksamenskryfvaardigheid**) - eksamenskryfvaardigheid wat gebruik word om aan te toon of jy in staat is om ‘n onderwerp te begryp en te kan ontlleed.

**soeklees –** Wanneer jy SOEKLEES, beweeg jou oë vinnig oor ’n blad of lys om een spesifieke inligting te vind. Soeklees laat jou toe om vinnig ’n enkele feit, datum, naam of woord in ’n teks te vind, sonder om die res van die stuk te lees of te verstaan. Jy mag later daardie feit of woord nodig kry om ’n vraag te beantwoord of om spesifieke inligting te voeg by iets wat jy skryf.

**vluglees –** jy lees vinnig om die hoofgedagte van ’n paragraaf, bladsy, hoofstuk of artikel, en ’n paar (maar nie alles nie) van die besonderhede te verkry.
Vluglees laat jou toe om vinnig te lees om ‘n algemene idee van ’n teks te verkry sodat jy kan besluit of dit nuttige inligting vir jou is. Jy kan ook vluglees om ’n sleutelbegrip te verkry. Nadat jy ’n stuk gevluglees het, mag jy besluit dat jy wil of het ‘n behoefte om dit meer breedvoerig te lees.

**leerstrategie** - die manier hoe 'n leerder 'n spesifieke taak benader in die lig van die verwagte eise wat die taak stel. 'n Studiestrategie kom vanaf 'n studiestyl.

**leerstyl** - kenmerke van 'n leerder se voorkeur manier om ‘n taak te benader

## ONDERWERP SES: LIGGAAMLIKE OPVOEDING

**uithouvermoë soos gebruik in fisiese aktiwiteite** - dit verwys na die vermoë van die spiere om oor 'n lang tydperk te funksioneer.

**fiksheid:** is die meting van die hoeveelheid fisiese vermoë eerder as 'n meting van welsyn / dit is 'n gevolg van fisiese aksie / goeie fisiese toestand is as gevolg van oefening en behoorlike voeding.

**spierkrag** - word gedefinieer as die vermoë van 'n spiergroep om maksimale sametrekkende krag teen 'n weerstand in 'n enkele sametrekking te ontwikkel.

**soepelheid**- die vermoë om jou gewrigte en spiere om deur hul volle omvang te kan beweeg.

**kardiovaskulêre fiksheid** – die vermoë van jou hart(kardio), bloedvate( vaskulêr) en longe om genoeg suurstof en voedingstowwe aan die selle van jou liggaam te lewer om liggaamlike aktiwiteite uit te voer.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**spieruithouvermoë** -is die vermoë van 'n spiergroep om maksimale krag uit te oefen vir lang tydperke

**Liggaamsamestelling** – hoeveelheid vetmassa in vergelyking met maer spiermassa, bene en organe

**Arobiese aktiwiteite** – Enige volgehoue oefeninge wat die hart en longe stimuleer en versterk en dus die liggan se verbruik van suurstof bevorder.

**Fiksheidsoptekening** – ‘n geskrewe rekord van fiksheidsaktiwiteite

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

*Heroes represent the best of ourselves, …anyone can be a hero who shows courage when faced with a challenge .*

Western Cape Government
Education

**With thanks to the Subject Advisers**

| | | |
|---|---|---|
| Marjorie Twigg | - | Eden & Central Karoo |
| Johrita Hanekom | - | North MNED |
| Eurica Beukes | - | Cape Winelands |
| Colin Green | - | West Coast |
| Euria Hendrickse | - | East MEED |
| Fairoez Cassiem | - | South MSED |
| Ivan Fortuine | - | Central MCED |
| Edith Wynne Trollip | - | Overberg |

Catherine Langenhoven

**Deputy Chief Education Specialist**
**FET Life Orientation and Religion Studies WCED**

TOGETHER WE ACHIEVE MORE

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com